Die leier van die groep moet die persoon wees wat natuurlik uitstaan as die leier. Dit word nie aanbeveel dat leierskap van die groep op 'n roterende basis bedryf word nie. Nie alle persone wil leiers wees nie en indien so 'n groep vir 'n periode deur so 'n persoon gedryf word, sal kwaliteit en produktiwiteit van die werk afneem. Biblioteekforums is 'n bewys hiervan. Waar rotasie voorgestel is, is dit reeds deur die lede van die forums besluit dat almal nie voorsitter wil wees nie. Slegs lede wat hulself beskikbaar stel vir die posisie sal aanvaar word.

Daar is tegnieke om persone se bevoegdheid as bestuurder te evalueer. Dit is 'n ou beginsel wat reeds in die Tweede Wêreldoorlog deur die Britse lugmag toegepas is. Daar is gebruikgemaak van bestuurderstegnieke waar persone deur gesimuleerde situasies geneem is om talent te bepaal:

- Die leierlose groepbespreking waar, byvoorbeeld, 'n kontantkompensie ter sprake was. Gedrag word hier waargeneem. Daar moet onderskeid getref word tussen gedrag en persoonlikheid - gedrag is aangeleer en kan verander word, terwyl persoonlikheid aangebore is en nie verander kan word nie
- Die posmandjie - slegs 'n klomp dokumentasie wat verwerk word, waar geen groepsvaardighede getoets word nie. Kyk na die nie-verbale kommunikasie en gedrag. Wat die persoon skryf, is wat hy dink
- 'n Ontledingsprobleem moet opgelos word. Die persoon kry 24 uur om die probleem op te los. Syfers en menslike elemente word ingebring. Die aanbieding self word getoets
- Psigometriese toets om persone se intelligensie te meet (tans onder spervuur by vakbonde - voel dit is te kultuurgebonde)
- Sielkundige persoonlikheids-evaluering.

Nog dimensies wat wêreldwyd erkenning geniet om leierskap te bepaal:

- Dryfkrag: Selfontwikkeling en groei; inisiatief; deursettingsvermoë
  - Besluitnemingsvermoë: Ontledende denke; oordeelsvermoë; buigsamheid en aanpasbaarheid
  - Leierskap: Mensbenutting en ontwikkeling; beslistheid; taalstrukturering; empatie en menslike verhoudings
  - Kommunikasievaardigheid: Logiese redeneringsvermoë; aanbiedingsvermoë
  - Beplanning en organisasie.
- 'n Kombinasie van tegnieke kan gebruik word om subtiel oor 'n paar weke vermoëns te meet. Daar is ook wetenskaplike tegnieke en 'n erkende betroubare toets wat gebruik kan word om persoonlikheid te evalueer om so 'n sielkundige

profiel te bekom. So kan die persoon se ontwikkeling vir die toekoms ook voorspel word. Dit is belangrik om te onthou dat introverte ook goeie leiers kan word. In so 'n groep behoort die formele leier die evaluering van die personeel te doen en nie die informele leier nie. Die informele leier behoort vergoed te word vir die ekstra verantwoordelikheid wat hy dra. In baie gevalle is die sielkundige genoegdoening wat 'n persoon put uit die taak, voldoende vergoeding.

## Kenmerke van 'n effektiewe groep

- Die atmosfeer is ontspanne
- Almal neem deel aan die besprekings
- Die doelwit word deur al die lede verstaan en ondersteun
- Almal luister na mekaar
- Daar is verskille, maar dit word sonder antagonisme bespreek
- Konsensus word bereik en dit is min dat individue hul verskille sou wegsteek in so 'n geval
- Kritiek is reguit, maar nooit persoonlik nie
- Personeel voel vry om gevoelens rondom die probleem of die groep se werksaamhede uit te spreek
- Met aksieplanne is daar duidelike opdragte
- Leierskap wissel soos die onderwerpe wissel en die persoon wat die meeste kennis het, neem leiding. Daar is nie 'n magstryd nie
- Baie aandag word aan terugvoering gegee.

Biblioteekforums is 'n goeie voorbeeld hiervan en die feit dat sommige meer suksesvol is as ander uit op die samewerking of gebrek aan samewerking tussen die onderskeie individue van die streek of areas.

## Toepassing in die openbare biblioteek

In baie gevalle sien die personeel net hul eie taak raak en sien hulle nie die geheelbeeld van die biblioteek nie. So sal almal help met die aansluitings, maar miskien nie baie aandag gee aan hoe dit voltooi word nie, want daar is een persoon wat dit kontroleer. Indien die persoon met verloop gaan, is daar in baie gevalle niemand wat weet hoe om hierdie taak te verrig nie. Met so 'n groep word almal dan bewus gemaak van die probleem wat dit skep indien hul bydrae foutief is en word hulle ook bewus van dienslewering in sy geheel. Personeel leer mekaar ken en vertrou.

Nog take wat in so 'n groep hanteer kon word is rekenaaropleiding en probleme, spesiale aanvrae, boekekenniss,

katalogisering, administrasie, kantoorvaardighede, die hantering van die publiek, ensovoorts. Daar is so baie gevalle waar daar verwys word na die onhulpvaardige diens van biblioteekpersoneel aan lede van die publiek en moontlik kan die implementering van hierdie konsep dit uitkakel.

## In die praktyk

Waar daar voorheen in die Staatsdiens hoofbiblioteke was wat toesighouers was van streekbiblioteke en boekkeurders, is almal nou hoofbiblioteke. Eerste toesighouersvlak het verskuif na die assistentdirekteur. Waar daar voorheen slegs met drie hoofbiblioteke

Die meeste werkers wil graag hul egoïstiese behoeftes bevredig en deur hierdie kwaliteits-groepe kan hulle hul individuele bydraes lewer en so die meeste van hul behoeftes bevredig

is daar nou veertien. Dit is dus logies dat daar uit hierdie groep 'n leier en 'n fasiliteerder sal kom wat namens die groep sal skakel met die assistentdirekteur. Hoofbiblioteke is en biblioteekassistente het egter toesighouersfunksies wat beteken dat hul verantwoordelikhede en vaardighede uitbeïjver kan word. Die beginsel kan








ook in biblioteke toegepas word waar die tweede in bevel moontlik uitgeskakel word en al die biblioteke op dieselfde vlak funksioneer. In dié gevalle is persone se vergoeding aangepas en individue wat uitsonderlik presteer kom in aanmerking vir kerfverhogings.

## Algemeen

Hierdie beginsel kan in enige gemeenskap en in enige werksopset toegepas word, aangesien dit fundamenteel gebaseer is op die vervulling van die psigologiese behoeftes van die mens soos verduidelik deur Maslow, McGrew en Herzberg. Die meeste werkers wil graag hul egoïstiese behoeftes bevredig en deur hierdie kwaliteits-groepe kan hulle hul individuele bydraes lewer en so die meeste van hul behoeftes bevredig.

## Bronne

- Adair, J. *Effective teambuilding*. Pan Books, 1987.
- Barra, R. *Putting quality circles to work*. McGraw-Hill, 1983.
- Blake, R. *Spectacular teamwork*. John Wiley & Sons, 1987.
- Chang, R. *Building a dynamic team*. Kogan Page Ltd., 1995.
- Wellins, R. *Empowered teams*. Jossey-Bass Inc., 1991.
- Mnr. Theo Laubscher, Hoof: Bestuursdienste, Stad Tygerberg.



ADULT NON-FICTION  
VOLWASSE VAKLEKTUUR

**The best children's books in the world: a treasury of illustrated stories/edited by Byron Preiss.**- Abrams, 1996.

A fascinating glimpse into the richness and variety to be found in international children's picture books today is provided in this magnificently produced quarto where picture books from places as far afield as Spain, Brazil, Belgium, Iran, New Zealand and Sri Lanka are reproduced, with their original text and an English translation. Some of the stories are folktales while others are contemporary original works. Historian Jeffrey Garret has provided a useful introduction and notes on the authors and illustrators. A rare example of a collection of "raw" material for comparing the literatures for children in different parts of the world as well as the "look" of each work.

JdeB

**BLISS, Debbie**  
**Teddy bears: twenty-five irresistible designs for knitted bears.**- Ebury P, 1997.

Patterns for making knitted teddy bears, most of which are dressed in costume, for example, a gardener bear, an aviator bear, an English gentleman bear, a jogger, a lumberjack, a bear in an old-fashioned nightshirt and nightcap. The instructions are clear and detailed and the book is illustrated with colour photographs. There are some appealing designs for teddy bears which would be loved as children's toys or adults' mascots.

MJI

**CLARK, Stuart**  
**Universe in focus: the story of the Hubble Telescope.**- Cassell, 1997.

The orbiting Hubble Space Telescope, once initial difficulties were overcome, has "enabled a quantum leap in observational astronomy", according to Stuart Clark. Clark, part of the astronomy research team at the University of Hertfordshire, looks at the telescope itself and then at the solar system, the stars, the galaxies and the universe, incorporating some of the new information and magnificent images the Hubble Telescope has provided. The book is written in accessible style for the general reader. It is attractively set out and lavishly illustrated, including fascinating and beautiful colour photographs.

MJI

**COLLINS, Julie**  
**Van rommelstuk tot pronkstuk.**- Metz P, 1997.

Winkopiejaagters en liefhebbers van oudhede, wat nie oor 'n onuitputbare finansiële bron beskik nie sal hierdie boek waardeer. Dit bevat 'n magdom idees vir die opspoor en herskep van weggegooigoed in skatte wat atmosfeer en smaak aan 'n woning sal verleen, of as besondere geskenke aan gewaardeerde vriende gegee kan word.

In die inleiding word terme en tegnieke op omvattende wyse bespreek. Tegnieke sluit in decoupage, stensilwerk, veroudering, kraak-en-skilfer-afwerkings en lakwerk om maar net 'n paar te noem. Die leser leer van akrieglasuur, Black Bison-was, gebroke kleur-tegnieke, porseleinvuller, en nog veel meer. Daar word beskryf hoe om ou verf en vernis van houtmeubels te stroop, hoe om verf te verdun en houtkewers uit te roei.

Dan volg stap-vir-stap aanwysings vir die herskep van vier en twintig projekte, onder andere, die versiering van 'n heraldiese skryftafel, die herstel van 'n ou kaggel, die herskep van eenvoudige ou houtstoel, ensovoorts. Elke projek word met kleurfoto's geïllustreer. Die boek bevat ook patroonplate en 'n bladwyser.

'n Aanwysing vir die openbare biblioteek se nuts-boekversameling.  
EdeR

**DE BECKER, Gavin**  
**The gift of fear: survival signals that protect us from violence.**- Bloomsbury, 1997.

Gavin de Becker is a prominent American expert on the prediction and management of violence, consulted on security issues by the United States government, politicians and officials, leading media figures and others. The main idea he presents here is that fear or uneasiness, particularly the sort people describe as an intuitive feeling or gut reaction, is often an instinctive survival signal alerting us to potential danger. He describes how this instinct can be refined, and used to lessen the chances of becoming a victim of violent crime. He emphasises that this does not mean living in a state of constant fearfulness and anxiety, but quite the reverse. He also gives information on specific crimes, such as stalking, domestic violence, and violence from employees. This is an interesting book with some original and constructive ideas, and in view of South Africa's high crime rate, it is certainly a relevant one.

MJI

**FARROW, Mia**  
**What falls away.**- Doubleday, 1997.

Daughter of the actress, Maureen O'Sullivan who is best remembered for her role in the early Tarzan movies, Mia Farrow delivers a readable autobiography of a born "Hollywood princess" covering her early years, her bout with polio, the death of her eldest brother in a plane crash and her eventual toying with acting which resulted in an important part in an American soap opera, Peyton Place.

It looks at her early relationship with 50-year-old Frank Sinatra while she was still nineteen years old right up to her marriage to Woody Allen with its disastrous conclusion. As stated in a published review in the *Observer* (16 February 1997) "the life she recounts is so extraordinary it would earn its place on the bestseller list even without its scandalous climax".

EB

**FOURIE, Margaret**  
**Praat dit uit.**- Metz, 1997.

Die skrywer spesialiseer in kommunikasievaardighede en menseverhoudings. Sy kyk na die verskillende maniere waarop mense met mekaar omgaan, en bespreek die sukses, al dan nie, van die verskillende metodes, en sy moedig die leser aan om gebruik te maak van die metodes wat vir hom werk. Sy beklemtoon ook die rol wat lyftaal, soos gesigsuitdrukings, stemtoon en liggaams-houding speel.









Volledige gevallestudies en praktiese voorbeelde, en volop versiening vir die inoefening van tegnieke, stel die leser in staat om teoretiese idees prakties toe te pas. Humoristiese lyntekeninge aksentueer sekere stellings om dit meer effektief by die leser tuis te bring. Hierdie praktiese gids behoort dit makliker te maak vir mense om dinge uit te praat en so goeie menseverhoudings te bevorder. Die Engelse uitgawe, *Break the silence barrier*, is ook beskikbaar.

EdeR

**GANZL, Kurt**  
**Musicals: the complete illustrated story of the world's most popular live entertainment.**- Carlton, 1995.

An illustrated history of the musical covering over a hundred years of musical history. It traces the development of the musical as a popular art and entertainment form from its origins in Europe and America up to the present. To illustrate various developments of the musical, the author offers the reader a glimpse of some of the most popular musicals made to date. Making clever use of a wealth of illustrations from the past, the author certainly arouses the reader's interest in this well-produced and very readable title on the topic.

EB



**HAYMAN, Ronald**  
**Hitler & Geli.**- Bloomsbury, 1997.

The book examines Hitler's close relationship with his niece Geli Raubal (the daughter of his half-sister), which might be regarded as a love affair, an obsession or a perversion. Geli died in 1931 at the age of 23 of a bullet wound. The official verdict was suicide, but there is evidence of a cover-up and the author explores various scenarios. This is interesting and readable non-fiction.

MJI

**JACKSON, Judith**  
**The magic of well-being.**- Dorling Kindersley, 1997.

The author who studied aromatherapy, nutrition, biochemistry and natural healing offers readers a number of easy-to-follow routines to improve the way they feel, look and cope with everyday life. In a colourful illustrated package, the reader is made aware of a wide variety of treatments covering meditation, aromatherapy, massage, positive thinking, relaxation exercises and many more.

Although the author does not go into much depth, she provides sufficient information for the layman to give himself a general treatment. Structured programmes for an anti-stress day or detoxification day are amongst others an interesting and useful feature.

A positive and inspiring look at the art of well-being that brings a little of that forgotten magic back into our lives.

EB

**LONGRIGG, Clare**  
**Mafia women.**- Chatto, 1997.

According to the traditional stereotype, Mafia women remain quietly in the background, leaving the criminal activities and planning to the men. Journalist Clare Longrigg, who has researched the subject and spoken to a number of the women concerned, shatters this misconception and shows the active and important role women play in the Mafia. A review in the *Observer* refers to "her gallery of female murderers, gang bosses, drug couriers, gun runners, extortionists, loan sharks and racketeers" and notes "the professionalism with which she marshals her evidence, always sinisterly understated". This is a true crime title with definite popular appeal.

MJI

**LORD, Graham**  
**James Herriot: the life of a country vet.**- Headline, 1997.

Alf Wight practised as a veterinarian for over 40 years. He started writing in his fifties and became world famous under his pen name of James Herriot. Graham Lord's comprehensive biography traces his life from his Glasgow childhood in the 1920s to his death in 1995. Like his alter ego James Herriot, Alf Wight comes across as a modest and very likeable man. Herriot fans will enjoy this.

MJI

**PENNY, Sarah**  
**The whiteness of bones.**- Penguin, 1997.

After she graduated from the University of Cape Town in 1991, Sarah Penny decided to travel through Africa with her boyfriend Cyril, a decidedly eccentric ballet dancer. Shortly before they left, Sarah's brother died. Her travels, described here, also became an inner journey through grief and bereavement. This theme adds a more sombre note to the vivid vignettes of the places they visited, the people they met, and the discomforts and perils of travelling on a shoestring. At times the author is too introspective and self-obsessed, but on the whole this is a well-written and readable travelogue by a new local author.

MJI

**THORNE, Tony**  
**'Countess Dracula.'**- Bloomsbury, 1997.

A thorough examination of the controversial Hungarian countess, Elizabeth Bathory, notorious for her alleged cruel bloodthirsty

activities. This Hungarian noblewoman who became a legend in history, literature and film as a woman who bathed in virgin's blood to keep her youthful beauty, was in reality a rich and powerful widow who owned far too many land in Hungary at the time and therefore posed a danger to the pro-Hapsburg party in Hungary and the Hapsburg ruler in Austria. It was inevitable that she would be a victim of the pro-Hapsburg party led by her chief accuser, Count George Thurzo, Palatine of Hungary, a one-time friend of the family.

Examining documents discovered in the archives of her chief prosecutor, family records and the state archives, the author delivers an intriguing account of the life and times of this unfortunate noblewoman who was unjustly condemned and possibly quite innocent.

EB

**ADULT FICTION**  
**VOLWASSE VERHALENDE LEKTUUR**

**BOTHA, Jaco**  
**In drie riviere.**- Human & Rousseau, 1997.

Jaco Botha is 'n belowende nuwe jong skrywer en wenner van die M-Net-skrifwysers. In hierdie, sy eerste bundel kortverhale, word daar met nuwe oë na die lewe en al sy grille gekyk. In die eerste verhaal skep 'n jong man vir hom die ideale vrou op papier, wat vir hom werklike dimensies aanneem en tasbare bevrediging verskaf. Hy vind dan ook in haar die ideale metgesel. 'n Jong seun gaan kuier op sy familie se plaas in *Hoe ry die boere* en op onverwagse wyse beleef hy sy eerste seksuele ondervinding. Die eensaamheid en finaliteit wat egskeding veroorsaak word deur beide egpare se reaksies onttelend aan die leser tuisgebring in die verhaal *Twee om langs mekaar te lê*.

Geboorte, die onvoorspelbaarheid van die lewe en die finaliteit van die dood is temas wat herhaaldelik in hierdie aangrypende en altyd deernisvolle verhale voorkom. 'n Toeganklike en genotvolle leeservaring wat ook in die smaak van die middelmoetleeser sal val.

EDeR

**GREEN, Julian**  
**The distant lands.**- Boyers, 1996.







A contemporary novel started by the author during the late 1930s, but shelved until the late 1980s because the American Civil War classic, *Gone with the wind*, had made its appearance. Written in France it became a bestseller there. A sixteen-year-old English girl, Elizabeth Escribde and her mother arrive to live on the plantation of rich Georgia relatives. It is 1850, a time of carefree indulgence and opulence when southern society flourished on the threshold of impending doom. It is here that our heroine loses her innocence, and experiences love, marriage and loss in an understated melodrama.

Although not so dramatic and fast moving as *Gone with the wind*, it does provide a good historical background to a gentle and appealing period romance.

EB

**KOTZWINKLE, William**  
**The bear went over the mountain.**- Black Swan, 1997.

A disillusioned academic, on sabbatical leave, lives in a cabin in Maine and writes a novel. A bear steals the manuscript, acquires some clothes and the pen name of Hal Jam, and goes to New York to take the literary world by storm. He does worry he might be recognised as a bear but no-one sees through the deception. Far from being caught and put in a zoo, he is feted as a great new writer, often compared to Hemingway, and his simple utterances (such as requests for food) are interpreted as witty epigrams and pithy social comments. Meanwhile the real author of the now bestselling novel is



growing increasingly bear-like... Kotzwinkle sends up the whole writing and publishing scene and takes some canny shots at agents, publicists, academics, television presenters, politicians and many others in this funny, clever and hugely enjoyable satirical fantasy.

MJI

**VAN ROOYEN, Annelize**  
**Julia se broer.** - Human & Rousseau, 1997.

Wanneer die polisie Thys laat weet dat sy suster Julia selfmoord gepleeg het, kan hy dit glad nie begryp nie. Hy gaan na Kaapstad en vanuit haar woonstel, waar hy baie ontuis voel, begin hy kontak maak met haar vriende en kennisse om sodoende meer omtrent haar persoonlike lewe uit te vind. Mettertyd besef hy dat hy nooit sy suster geken het nie. In 'n poging om meer van haar uit te vind, besoek hy selfs die plaas waar hulle grootgeword het, maar steeds ontbreek stukkie van die legkaart - iets bly hom ontwyk en hy raak al hoe meer by Julia se lewe, en veral haar dood, betrokke.

'n Skerpinnige en vernuftige ontraffeling van 'n lewe, waarin die redes waarom die dood bo die lewe verkies was, duidelik word en dit sy eie tragiese en onafwendbare gevolge op die snuffelaar het.

EdeR

**VANDERHAEGHE, Guy**  
**The Englishman's boy.** - Doubleday, 1997.

Two parallel stories are told in this highly readable novel about myth-making and the relationship between Hollywood in the early days and the American West. The Englishman's boy of the title is Scotty McAdoo who, as a young teenager joins a party of wolf pelt hunters who go out after a group of Indians who have stolen their horses. His story is a gruesome one of hardship, that of man and that of nature.

The second story is that of a screenwriter, Harry Vincent who is assigned the task of extracting McAdoo's story from him. The enigmatic head of the movie studio believes that this is the authentic story of the American West and he wants to make a film based on it along the lines of Griffith's *The Birth of a Nation*. McAdoo is now an old man who earns his living acting as a cowboy in Westerns. He has never told his story before as he is in some ways ashamed of it and the reader has to read right to the end to find out why.

JdeB

**WASSERMAN, Herman**  
**Verdwaal en ander soekstories.** - Human & Rousseau, 1997.

Herman Wasserman is 'n joernalis wat by *Die Burger* werk en hierdie is sy eerste boek. Die agtergrond vir sy kortverhale is bykans altyd die groot stad en die eensaamheid en isolasie wat die lewe daar mееbring. Die afgeslotenheid van die stadsbewoner te midde van die mensdom wat hom omring word op ontstellende wyse in *Ons is almal een groot familie*, hier in die stad en *Die ballade van wie ook al*, uitgebeeld. Hoe 'n gelukkige familie se lewensvreugde deur nydige woorde en 'n onbesonne daad verwoes kan word, is die tema van die verhaal *Lift*. Dit gebeur wanneer twee jong mans 'n vader en sy seuns optel wanneer hulle duim gooi as hulle na 'n uitstappie op pad huis toe is. Almal ry aan die pen - die bevoorregtes wat in 'veilige' middelklas voorstede woon sowel as die *misfits* wat deur vuil stegies drentel. Die verhale het dikwels 'n satiriese aanslag, maar 'n gevoel van deernis en menslike warmte skemer gedurig deur.

Kortverhaal-liefhebbers sal hulle in hierdie bundel verlustig.

EdeR

**WILLIAMS, Grenville**  
**Waldorf.** - Fourth Estate, 1997.

The tale of a very conservative semi-retired insurance broker, Captain Reginald Bagshott-Hawkes, who finds himself caught in the middle of a bizarre alien experiment which results in his brain being switched with that of dog, Waldorf and vice versa.

Matters seem to get worse when it becomes apparent that the only one who can help him is the village idiot, Daft Jim, who just a few days before found himself to be the "fortunate victim" of the aliens when they 'fixed' his brain. With only a few days left to reverse the situation, things look really desperate, but with some kidnapping, stealing, lying, and a little luck, there just may be some hope

A lighthearted fun-filled story which brings welcome relief to a reader looking for alight-hearted alternative to Tom Wolfe.

EB

**JUVENILE FICTION**  
**JEUGLEKTUUR**

**MANNA, Anthony L.**  
**Mr Semolina-Semolinus: a Greek folktale.** - Athenum, 1997.

A folktale from the Mediterranean which tells of Areti, a young princess who, as she could not find a suitor that she liked, decided to make a man for herself out of almonds, sugar and semolina. Mr Semolina-Semolinus is as beautiful as he is kind, but before they can marry, he is stolen by a jealous queen from a far country.

This wonderful tale tells of how a courageous and resourceful young woman searches the world for her love, enlisting the help of the sun, moon and stars.

JdeB

**O'BRIEN, Clare**  
**Sam's sneaker search.** - Simon, 1997.

A little girl searches for her missing shoe, and finds a menagerie of unlikely animals: a lion playing under the bed, a hippo in the bath, a kangaroo watching television, a python squeezing the toothpaste, penguins skating in the fridge... Lively illustrations by Charles Fuge feature strong colours and amusing comic details. An imaginative and entertaining picture book.

MJI

**STANLEY, Diane**  
**Rumpelstiltskin's daughter.** - Morrow, 1997.

A very clever and well-told variation of *Rumpelstiltskin* in which he marries the miller's daughter and lives happily ever after until his daughter is taken away by the king who wants her to turn straw into gold, as her mother had done years previously. This daughter is crafty and wise and pretends to know what the secret is and in so doing, tricks the king into spending money on his starving subjects who for years have been living in abject poverty. The story ends with the people in the land happy and prosperous, the king thrilled with their affection and the daughter, pleased with her appointment as prime minister which she suggests instead of accepting the royal marriage proposal.

Stanley has done an excellent job in creating a new feminist tale which is immensely readable, full of surprises and never heavy handed.

JdeB

Note: At time of going to press, some of these titles were still on order.

EB	Erich Buchhaus	EdeR	Elizabeth de Roubaix
JdB	Johanna de Beer	MJI	Margaret Iskandar

# Ontmoet die streke

## WORCESTER

**Anél de Villiers**  
Streekbibliotekaris

### Die dorp

"Rondom Jerusalem is daar baie berge..." is 'n aanhaling uit *Die Bybel* wat net sowel Worcester kon beskryf. Die dorp is in 1818 deur Lord Charles Somerset gestig en is vandag die hoofsentrum van die Breëriviervallei, bekend vir sy wingerde en wyne.

Kerkplein is 'n bekende baken en is reeds in 1819 uitgesit vir kerklike gebruik en uitspanplek vir kerkgangers. Dié plein is in 1974 as nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Worcester spog met baie museums, waaronder die Beckhuis en Stofberghuis en die unieke Kleinplasiae Opelug Plaasmuseum.

Die JeanWaltz kunsgallery in die Hugo Naudé Huis huisves 'n groot versameling van Hugo Naudé, JeanWaltz en Paul du Toit se werke en bied op gereelde basis uitstallings aan. In die tuin is beeldhouwerke van Bill Davis.

Ander bekende kunstenaars is, onder andere, Karl-Heinz Wilhelm, 'n beeldhouer, Lorna Reade, 'n skilder en David Reade, die bekende glasblaser wat hierdie allermooiste kunsvorm beoefen en beslis vir die welgesteldes onder ons bedoel is. Bridget Zietkewics en Philip Joubert is bekende juweliers. Die Hugo Naudé kunsskool lok jaarliks talle leerlinge en lewer werk van hoogstaande gehalte.

Bekende skrywers van Worcester is Abraham Phillips, Rachie Viljoen en Nanda Pauw. Carine Marais is ook 'n bekende kinderboek-illustreerder wat op Worcester bly. 'n Besoek aan die Klein Karoo Botaniese Tuin bring jou in kontak met die Karoo, Namakwaland, Boesmanland, Namibië en droër dele van die binneland aangesien plante uit al hierdie dele van die land hier voorkom. Rotstuintoesiaste kan ook plantjies by die Tuin se kwekery bekom.

Die Brandvlei Warmbron is ook 'n unieke besienswaardigheid. Die bron is die warmste van sy soort in Suid-Afrika met 'n temperatuur van 64,4 grade Celsius.



Anél de Villiers

### Die streekkantoor

Die Worcester Streekkantoor word gehuisves in 'n gebou wat spesiaal vier jaar gelede omskep is om aan die behoeftes van drie streke te voldoen. Reg van die begin af was dit duidelik dat die gebou te klein is. Aangesien die gebou egter tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, was alle veranderinge dus onderhewig aan die reëls en regulasies van die raad. Die gebou is vroeg in die eeu as takkantoor van Ou Mutual gebruik en later het dit ook die Worcester Kollege gehuisves.

Dit is een van die mooiste streekkantore in die Wes-Kaap Provinsie. Die Swellendamstreek het onlangs na Swellendam verskuif en tans word die Hermanus- en Worcesterstreke hier gehuisves.

Worcester het sekere streekveranderings ervaar. Daar is afskeid geneem van Moorreesburg, Rosenhof, Piketberg, LB Wernich en Eendekuil, wat deel was van die ou Ceresstreek en die Worcesterstreek biblioteke soos

Worcester, Esselen, Zweletemba, De Doorns, Rawsonville en 'n hele paar depots verwelkom. Die nuwe streek bestaan uit 15 biblioteke en 14 depots.

### Personeel

Jeanette Vosloo is hoofbibliotekaris van die Bolandbeheergebied wat bestaan uit Vanrhynsdorp-, Stellenbosch-, Saldanha-, Hermanus- en Worcesterstreke. Haar regterhand is Colleen Williams wat ook een van die rekenaarspersoneel is wat veral uitblink met die installering van "dial-up" by biblioteke.

Anél de Villiers is streekbibliotekaris in Worcesterstreek en is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bou en beheer van voorraad en behoeftebepaling in die streek.

Die twee senior biblioteekassistentes is Debonita van der Westhuizen wat spesiale aanvaar hanteer en Lorraine Jacobs wat die rekeninge en statistieke uitsorteer. Beide se kundigheid word op verskeie ander gebiede ook aangewend. Wayne Williams is die dryer, maar ook baie handig met tegnieke apparate en die toets en herstel van video's.

Maria Lee is 'n bode en ook behulpzaam met die herstel van boeke.

### Op toer

Die eerste twee weke van 'n toer is dagtoere. Deels om brandstof te bespaar ry die streekpersoneel gewoonlik net met die boekwa. Die wêreld word ook vanuit 'n ander perspektief beskou en dis 'n fees met die mooi nuwe bus.

### Worcester

Die eerste besoekpunt op ons roete is die Worcester Openbare Biblioteek wat baie sentraal, net langs die munisipaliteit geleë is. Dit is die grootste biblioteek in die streek en het 'n maandelikse sirkulasie van sowat 25 000.

### Statistiek

	boeke	laserplate	video's	kassette
Voorraad in streekkantoor	50 710	270	1 125	487
Voorraad in biblioteke en depots	262 156	319	835	414
Sirkulasie in 1997 (geskat)	889 276	1 666	7 598	986
Afskrywings	2 777	0	2	0

Daar word ook van "dial-up" gebruik gemaak om in te skakel by die boekvergaderings.

Die buite-aansig van die gebou is ontwerp om esteties by die omgewing in te skakel en die patrone op die fassies is geneem uit die vorms van veldplante in die omgewing.

Die binnekant van die biblioteek is net so besonder met die kleuterkant wat 'n gesonke speelhoek/storiehoek het wat 'n agtkantige amfiteater vorm met pienk tapyt uitgevoer en omring met boekrakke wat na buite wys. Bolangs is beligte, deurskynende gekleurde friese wat drie temas van stories en legendes van die omgewing uitbeeld, soos *Die heks van Hexrivier*, *Die watervrou van die Breërivier* en *Die Maanklip* wat skynbaar die Tulbagh/Ceres-aardbewings in 1969 veroorsaak het. Die ander ontwerpe is geliefde sprokies soos *Die Paddaprins*, ensovoorts. Al hierdie temas is op 'n unieke wyse ontwerp om die effek van gebrandskilderde glas te skep.

Christine Mostert en haar span maak baie van uitstallings gebruik om hoekies op te vrolik soos *Amazing Questions/Incredible Answers*; *Hede en Verlede*; *Food, glorious food*; *Engele* en nog baie ander. Gemeenskapsprojekte word deur die biblioteek gereël, byvoorbeeld, boekbesprekingsaannde vir hoërskoolleerlinge, handwerk markdag, kultuurraad vir volwasse nuutgeleertes, appel- en peer veldtogte deur Unifruco, en sitruspromosies deur die Sitrusraad.

Honderde volwassenes en kinders word by hierdie projekte betrek. Die biblioteek is nou betrokke by die nuwe brongesentreerde onderrig en het noue skakeling met vakadviseurs en onderwysers in dié verband.

Esselen en Zweletemba Biblioteke vorm deel van die Worcester Biblioteekdiens. Esselen Biblioteek is bekend vir hulle groot handwerkuitstallings wat baie lede van die gemeenskap betrek, beide as deelnemers en toeskouers. Hier hou Frederika Knockpaal die fort.

Zweletemba Biblioteek het die tipiese tendens dat hulle inhuise gebruik baie hoog is. 'n Kultuur van lesers vir die toekoms word hier geskep. 'n Jaarlikse instelling is die Mnr en Mej Zweletemba kompetisie wat groot aftrek kry. Unity Mtomile is aan die stuur van sake.

### Institute vir Blindes en Dowes

Ander belangrike besoekpunte is natuurlik die baie bekende Institute vir



Vooransig van die streekkantoor

Blindes (Pionier) en Dowes (De La Bat). Beide hierdie organisasies het biblioteekdepots wat deur die streekbiblioteke bedien word. Pionier het 'n afdeling vir swaksiesende asook 'n Braille-afdeling. Die Braille Biblioteek is met die jongste rekenaartegnologie toegerus waarmee grootdrukboeke vir persone met verskeie gesiggestremdhede toeganklik gemaak word. Die diens wat hier gelewer word, is van hoogstaande gehalte en die streekbiblioteek is trots om deel te hê aan die werk wat hier gedoen word deur die lewering van materiaal.

Baie boeke word ook op band geplaas en 'n Braillediens word landwyd gelewer. Avril Labuschagne is by die Braille depot, met Mev P Marais by Swaksiesende en Le Riche Smit by De La Bat. Die Korrektiewe Dienste op Worcester bestaan uit die Worcester Gevangenis met depots in die mans- sowel as vroue gevangenis. Die Brandvlei Gevangenis lê 'n paar kilometer buite die dorp langs die Brandvleidam en het 'n plaasatmosfeer met heelwat personeel wat op die terrein woon. Die gevangenis bestaan uit drie afdelings naamlik Maksimum, Medium en Jeug en by al drie is biblioteekdepots wat deur die streek bedien word.

### Goudini

Vanaf Worcester beweeg ons 16 kilometer in 'n suidwestelike rigting tot by Rawsonville, aan die voet van die Du Toits-kloofpas tussen die Smalblaar-, Holsloot- en Breëriviere. Rawsonville is geleë in die bekende Goudini wynbou-streek wat dit 'n eilandsentrum maak in 'n

see van wynkelders en wingerde wat deel vorm van die Worcester Wynroete.

Die dorp is vernoem na Sir W Rawson, Koloniale Sekretaris aan die Kaap in 1858-1895 tydens die stigting van die dorp. Goudini is die naam van die omliggende streek, die plaaslike Nederlandse Gereformeerde Gemeente en die biblioteek, hoewel soms so na die dorp verwys word.

Die Goudini Openbare Biblioteek het in die sestigerjare sy ontstaan gehad en bedien die dorp van sowat 1 800 inwoners asook die omliggende digbevolkte plaasgemeenskap.

Die biblioteek spog met 'n nuwe onderbaadjie nadat nuwe matte gelê is en van oortollige meubels ontslae geraak is. Uitstallingsruimte word optimaal op kreatiewe wyse benut.

Skole en crèches op plase maak gebruik van bloklennings. Dit is 'n bedrywige gemeenskap en programme soos materiaalverf-kursusse, handwerkuitstallings, ensovoorts word in die biblioteek aangebied. Elsa Louwrens is die knap bibliotekaris wat die gemeenskap se boekbehoefes moet bevredig.

### De Doorns

Vanaf Rawsonville neem ons die N1 Noorde toe deur die wingerde rondom Worcester tot 30 kilometer verder waar ons afdraai by De Doorns. Die dorpie is geleë in die skilderagtige Hexriviervallei en die gemeenskap is hoofsaaklik Afrikaanssprekend. In die De Doorns Biblioteek wys Mev Joubert nog films vir die kleuters. Skoolkinders studeer of

speel skaak. Die koms van die boekwa word deur die hele gemeenskap met afwagting dopgehou om die groot lekkerte van 'n nuwe boek eerste te geniet.

Vanaf De Doorns ry ons met 'n hobbelrige agterpad, verby die Sonskynroosplaas, om so 'n smakie van die wingerde en die berg te kry. Die skuins kop is in die winter heeltemal toe onder sneeu. Hierdie lappieskomberswêreld het vele aangesigte wat saam met die seisoene ingekleur word. Ons ry tot by die NI-aansluiting, vanwaar ons terugdraai na Worcester.

## Ceres

Dis 55 kilometer Ceres toe en die bergpas loop langs riviere wat sproeiend in die pad en oor die boekwa spat in die winter. Ceres is gewoonlik 'n verrassing want elemente soos die tyd van die dag, die seisoen en die mis bepaal die gesig wat jou begroet as jy om die kop kom.

Die John Steyn Biblioteek is al sedert 1962 lid van die Provinsiale Biblioteekdiens en word sedert 2 Junie 1883 in 'n gebou teenaan die munisipaliteit gehuisves. Die huidige gebou met 'n vloeroppervlak van 646m<sup>2</sup> is sedert 20 November 1991 betrek en in 1994 word Ceres een van die eerste openbare biblioteke in die Wes-Kaap wat gerekenariseerd bedryf word.

Deel van die Ceres Biblioteekdiens is Bella Vista en Rietvallei Biblioteke. Beide is gerekenariseerd en voorsien in die spesifieke inligtingsbehoefes van die onderskeie gemeenskappe. Elaine Slinger het onlangs die leisels opgeneem by Bella Vista terwyl mev. Lintnaar die leisels aan die einde van 1997 na 25 jaar diens in die Rietvallei Biblioteek neergelê het. Ons wens haar 'n heerlike rustyd toe.

Prince Alfred's Hamlet is sowat sewe kilometer vanaf Ceres aan die voet van die bekende Guidopas. In 'n lokaal van die Aartappelfabriek word die Ceres Depot aangetref wat 'n diens aan sowat 30 plase lewer, waarvan die meeste in die meer afgeleë dele soos die Koue Bokkeveld lê. Dit word deur Arouna Wesson hanteer en was voorheen deel van Landelike Stigting. Sedert die afskaling in die Landelike Stigting lyk dit asof hierdie unieke en belangrike diens se voortbestaan in die weegskaal lê, mits 'n komitee gevorm word om die verantwoordelikeheid oor te neem. Vanaf Ceres Depot sal ons in die winter gaan sneeuman bou om bo-op die bus saam terug te neem streek toe, want hier sneeu dit dikwels in die dorp.

Die Warm Bokkeveld Gevangenis is ook 'n besoekpunt op Ceres en soos die naam aandui, lê dit op die roete na die noorde. Dit is 'n klein depot en verskaf leesgenot aan gevangenes wat vir ligter strawwe hier gehou word.

## Wolseley en Montana

Vanaf Wolseley gaan ons weer terug met die pas, sowat 15 kilometer, Wolseley toe. Al lyk dit meestal al tyd stilstaan is die Buffulo Motorfiets Rally wat onlangs hier plaasgevind het, bewys dat die dorp nie onderskat moet word nie. Wolseley Biblioteek vorm deel van die munisipaliteit en mev. Van Schalkwyk is ook al 'n hele klompie jare in die biblioteek. Distriklede maak goed van die diens gebruik. Montana Biblioteek sal altyd as die biblioteek bekend staan met die twee Ursulas - die bibliotekaris is Ursula Stoffels en haar assistent is Ursula September. Montana is nie 'n maklike gemeenskap om te bedien nie en die hoë omheining wat die hele gemeenskap-sentrum en kliniek omsluit, getuig van die feit. Skuins agter is 'n speletjiesen-



Bo: Lorraine Jacobs (assistent) besig met lissering van korrespondensie

Links: Wayne Williams (drywer) by die katalogus

Onder: Debonita van der Westhuizen (assistent) besig om spesiale aanvrae uit te reik op die rekenaar



Cape Libr., Jan/Feb 1998  
30

trum waarvandaan feitlik 24 uur per dag oorverdwende musiek gespeel word. Nietemin is die biblioteek 'n knus plek waar almal vergader om koerant te lees en te kuier.

## Tulbagh

Vanaf Wolseley vertrek ons na Tulbagh Biblioteek sowat 15 kilometer daarvan. Mev. Neethling weet altyd wanneer ons stilhou en begroet ons al van ver af. Sy is 'n instelling by die biblioteek en ken elkeen by die naam wat die voordeel inhou dat lede somer op straat herinner kan word om laat boeke in te bring.

By Witzenville Biblioteek is dit mev. Erasmus wat ons verwelkom. Sy is ook al



Wayne Williams, Debonita van der Westhuizen, Lorraine Jacobs en Anél de Villiers by die mooi boekwa wat in die streek gebruik word. Die logo op die sykant is baie treffend en word oral herken

lank deel van die gemeenskap en die biblioteek en die behoeftes van die gebruikers dus baie goed. Vanaf Witzenville word daar 'n diens aan die Steinthal kinderhuis en -skool gelewer wat in 'n skilderagtige omgewing op 'n langdoed net buite die dorp lê.

Hier is 'n pragtige biblioteek in Kaaps-Hollandse styl en toegerus met moderne tegnologie.

Vanaf Tulbagh ry ons met die bergpas na die aansluiting waar ons afdraai Gouda toe. Gouda Biblioteek vorm deel van die Tulbagh Munisipaliteit. Die biblioteek word gehuisves in die plaaslike laerskool van Onse Rus en die bibliotekaris is 'n boorling van Gouda, Beryl McHelm. Haar familie is baie betrokke by die skool. Middae is kenmerkend van kinders wat na die biblioteek stroom sodat Beryl dikwels die getalle moet beheer om orde te kan handhaaf. Hoewel die biblioteek klein is, voorsien dit 'n belangrike behoefte en word goed gebruik.

